deur ZERELDA ESTERHUIZEN

Virtuoos in aksie

Die wêreldbekende konsertpianis **David Helfgott** vier in Mei sy 60ste verjaardag met 'n reeks konserte in Suid-Afrika. David is bekend vir sy unieke en persoonlike vertolkings en daar is selfs 'n Oscar-bekroonde rolprent, *Shine*, van sy lewe gemaak. Hy het die afgelope 25 jaar deur Europa, Kanada, Brittanje, die VSA en die Verre Ooste getoer en sy opnames is met talle toekennings bekroon. Kapenaars kan hom op 9 en 13 Mei by die Kaapstadse stadsaal sien en in Gauteng kan gehore op 19 en 20 Mei na hom by die Linder-ouditorium in Johannesburg gaan kyk. Kaartjies is deur Computicket beskikbaar.

Besoek www.computicket.com

Wyn te kies en te keur

Alle wynliefhebbers moet nou verder lees, want 'n heerlike fees spesiaal vir julle word in Mei gehou. Die **15th Cape Times V&A Waterfront Wine Festival** word van 8-11 Mei in Kaapstad gehou. Besoekers kan meer as 300 wyne van meer as 75 van die Kaap se beste wynkelders proe. Die wynkelders sluit onder meer Boplaas, De Wetshof, Diemersfontein, Groote Post, Kaapzicht, Jean Daneel, Klein Constantia, Môreson, Steenberg, Villiera en Warwick in. Daar sal heerlike kos en lekkernye soos Thai-noedels, soesji, pesto, sjokolade en verskillende kase wees.

Besoek www.waterfront.co.za of bel 021 408 7600

Môreson Bread and Wine

Ons geveerde vriende

Voëlkykery is deesdae baie gewild. Dit is die vinnigste groeiende tydverdryf in die buitelug in die wêreld (tuinbou is eerste). In 'n poging om hierdie aktiwiteit aan almal bekend te stel, word die **Sasol Bird & Birding Fair** van 4-6 Mei gehou.

Dié skou by die Johannesburgse dieretuin, vorm 'n belangrike deel van die Sasol Birdlife SA Nasionale Voëlweek met hierdie jaar se fokus op mariene-, riviermond- en varswater-ekologie. Die Afrika-pikkewyn is vanjaar se Voël van die Jaar en baie van die aktiwiteite tydens die skou sal op dié pikkewyn fokus. Daar sal verskeie gratis lesings rondom voëlkykery gehou word. Vir die duur van die skou sal die Johannesburgse Dieretuin sy toegangsfooi na R20 pp vir volwassenes en kinders verlaag.

Bel 011 447 2476 vir meer inligting

Musiek van woorde

As jy van die geskrewe woord hou, moet jy onthou om die **Franschhoek Letterkunde-fees** by te woon, want daar sal jy lekker kan lees! Dié fees van 11-13 Mei speel gasheer vir Suid-Afrikaanse skrywers en bekroonde internasionale skrywers wat informele gesprekke, voorlesings en besprekings sal hou.

Die besoekende skrywers is vir hul uitmuntende skryfwerk, toeganklikheid en passie om lees te bevorder, gekies. Gastehuise en hotelle sal spesiale feespakette vir besoekers aanbied. Bespreek nou jou plek en ontmoet jou gunstelingskrywer. As jy lief is vir boeke en lees of selfs net om jouself in 'n pragtige omgewing te geniet, gaan na die fees om na die musiek van woorde te luister.

Besoek www.flf.co.za vir meer inligting of bel 021 876 3603

Op die planke

- Die Pierneef-teater in Pretoria het altyd interessante produksies wat daar gehou word. Op 4 Mei sal die sangeres Luna daar optree. Op 12 Mei kan jy vir Wilna Snyman daar sien en die gewilde Jak de Priester tree op 24 Mei daar op.

  Kaartjiepryse wissel.

  Bel 012 329 0709 vir meer inligting of besoek www.pierneefteater@absamail.co.za

- Die produksie *Hoot* word tans by die Johannesburgse Stadskouburg opgevoer. *Hoot* vertel die verhaal van 'n ryk wit man, wat alles verloor en wat uiteindelik 'n taxibestuurder van 'n minibus word. Die eenmanvertoning word deur Matthew Ribnick opgevoer. *Hoot* word nog tot 30 Mei by die Tesson-teater by die stadskouburg in Braamfontein opgevoer. Kaartjies kos R88 pp.

  Bel 011 877 6854 vir meer inligting

- Die Centurion-teater in Pretoria het ook 'n baie interessante Mei-program. Die gewilde akteur Gys de Villiers sal van 2-5 Mei in *Die Afrikaners* saam met Wikus du Toit en Ilse Klink optree. Nedine Blom tree op 9 Mei by die teater op, Charl du Plessis op 11 Mei, Patrick Mynhardt op 16 Mei en Marion Holm is van 17-19 Mei in *Sussie: Survivor (Kuilsrivier)* te sien. Moet definitief nie vir Laurika Rauch van 23-26 Mei by die teater misloop nie. En die man wat die lagspiere behoorlik prikkel, Thys die Bosveldklong, kan op 30 Mei daar gesien word. Ons *Op die man af*-skrywer, Rian van Heerden, tree op 31 Mei by die teater op.

  Bespreek by 012 664 7859 of besoek www.centurionteater.co.za

Skemermusiek

As jy in Johannesburg bly en nie weet wat om met jou Maandagaande te doen nie, gaan kyk gerus na die klassieke **Sundowner-konserte**.

Die Universiteit van Johannesburg se Kingsway-kampus in Aucklandpark bied dié gratis klassieke musiekkonserte aan. Op 7 Mei tree die pianis Wessel van Wyk daar op en hy sal 'n paar gewilde klavierstukke speel. Sy jongste CD sal ook daar te koop wees.

Bel 011 489 3058 vir meer inligting